‘Dis selfmoord vir toerisme . . . ’

Die impak op die omgewing van die drie beoogde kernkragsentrales sluit nie net die konstruksie van die aanlegte in nie, maar ook die hoogspanningskraglyne wat nodig is. By Bantamsklip word daar met twee omgewingsimpakstudies in ag geneem dat ’n hele netwerk van hoogspanningslyne aangebring moet word.
Die organisasie Save Bantamsklip beskou die beoogde kernkragsentrale naby Pearly Beach as niks minder nie as “kulturele en ekonomiese selfmoord vir diegene wat ’n volhoubare toekoms in toerisme in die streek beplan”.
Volgens mnr. John Williams, voorsitter van Save Bantamsklip, gaan vier torings van tot 70 m hoog elke 400 m opgerig word wat by plekke soos Baardskeerdersbos die natuurskoon kan versteur.
Kry meer inligting by www.bantamsklip.com.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published